

## INHOUDSOPGAWE

Eerstens tuis 'n man van God	1
Die Here reageer op die geweld teen sy kinders	5
Die kragte van Jesus	8
'n Krag van God	9
Krag en swakheid	10
Ons houding tydens gesamentlike	12

## REDAKSIE:

- Ds E Viljoen, Bellville  
emyn04@gmail.com
- Ds J van der Linden,  
Johannesburg  
jopie1976@gmail.com

## EERSTENS TUIS 'n MAN VAN GOD

T Bolks

### Die man as vader

*“Om eerlik te wees, ek gaan liever na my werk toe, as om my tuis met die kinders besig te hou”, het een van die aanwesiges by 'n mannedag toegegee.*

*“En ek is nie die enigste nie. Daarom moet ek telkens bewustelik vir my gesin kies, en vir myself sê: as ek nou geen tyd aan my kinders bestee nie, dan doen hulle dit later ook nie vir my nie.”*

'n Ander een het gesê:

*“Ek is 'n ingenieur by 'n groot firma. By 'n nuwe projek sê ek vir my werkgewer dat my gesin eerste kom en ek daarom geen oortyd wil werk nie. Enkele dae later gee hy my, so in die verbygaan, te kenne: ‘Is dit nie voor die handliggend nie, dat hierdie besluit van jou jou loopbaan tot 'n einde kan bring nie?’ Daarin moes ek berus, maar ek was tog bly dat ek dit duidelik aan hom gestel het.”*

Twee uitsprake van twee vaders. Manne wat vir hulle gesinne gekies het. 'n Goeie saak?

Natuurlik!

Maar waarom eintlik? Mans kry tog al swaar genoeg by hulle werk en by die



werk in die kerk? Het hulle nog tyd oor om hulle met hulle gesinne te bemoei?

In hierdie artikel gaan dit oor *die man as vader*.

### Vaders se belangrikheid

In die laaste tyd word die rol van die man as vader al hoe belangriker. Onthou u nog die snaakse beeld van 'n streng man aan die hoof van die tafel? Aan die tafel, teenoor die man, sit 'n goedgeklede jong seuntjie, wat so by homself dink: “Wie is hierdie man tog, wat altyd op 'n Sondag die vleis kom sny?” Dan blyk dit dat dié man sy vader is. Die bedoeling van hierdie beeld is om dit aan ons duidelik te maak dat die vader tuis net so belangrik is as by sy werk, en om ons te laat sien dat vaders nie tuis gemis kan word nie.

Daar verskyn ook boeke en artikels oor vaderskap, wat heel duidelike

verhale bevat. Lees die vaders dié boeke ook? As hy so 'n boekie van sy vrou kry, hoe reageer hy dan daarop? Wat doen mans met artikels oor hierdie onderwerp?

### Eerste verantwoordelikheid

God gee in die Bybel aan die vaders groot verantwoordelikhede in die gesin. Die vaders is die primêr verantwoordelike persoon as dit oor die opvoeding gaan. In Ef. 6:4 word dit duidelik gesê.

**Die vaders is die primêr verantwoordelike persoon as dit oor die opvoeding gaan**

Vaders moet aan hulle kinders opvoeding en leiding gee. Hulle moet die kinders grootmaak deur hulle te vorm en te vermaan, soos die Here dit wil hê. Vaders moet hulle kinders die goeie weg wys. Hulle moet hulle kinders op die goeie weg voorgaan en vir hulle 'n voorbeeld wees op die weg van die Here.

Die opvoeding is nie net 'n saak vir die moeders alleen nie. Al sou die moeder (veral as die kinders nog klein is) die grootste deel van die versorging op haar neem, mag sy in die opvoeding nie alleen voorgaan nie, of alleen 'n voorbeeld wees op die weg van die Here nie. Die vader moet nie die taak wat hy van God ontvang het, aan 'n ander (die moeder, sy vrou), of aan andere (die onderwysers in die skool en die dominees in die kerk) oorlaat nie.

Die taak van die vader vra toenemend van sy tyd, al dink hy soms dat hy nie tyd het nie. Daar is soveel meer om te doen . . . Daar word soveel van hom verwag, deur bv. sy werkgewer, selfs ná werkstyd, of deur sy kollegas of deur die kerk en vele ander.

In een van die boekies wat ek gelees het, staan daar 'n opmerklieke mooi uitspraak. Die vrou van die skrywer sê op 'n gegewe oomblik aan hom: *“Eberhard, wees eers tuis 'n man van God, en daarná in die openbaar!”*

Daarop reageer die skrywer met: *“Dit is so. As jong gesinshoof begin ek nou iets te verstaan van die voorskrifte van God vir getroude manne. Eindelijk begin ek om na te dink oor my roeping en verantwoordelikheid in ons huwelik en gesin.”*

By al die keuses wat deur mans gemaak word, geld die volgende reël: *die opvoedingstaak kom eerste!*

### Om 'n vader te wees, is 'n opdrag

Om 'n vader te word, is 'n voorreg, en om 'n vader te wees, is 'n kuns! 'n Uitspraak wat in vele boeke gebruik word. 'n Uitspraak wat sekerlik die waarheid is. Om 'n vader te word, is iets baie mooi! Maar, dit bring ook 'n groot verandering in jou lewe. Uit twee mense ontstaan 'n nuwe lewe as 'n geskenk van God! Op daardie oomblik word daar 'n groot verantwoordelikheid op die skouers van die ouers geplaas. Die lewensuitkyk, om slegs te doen wat vir jou sin uitmaak, is iets van die verlede. Skierlik kan julle nie meer sommer saam in die aand uitgaan nie. Daar moet eers met iemand gereël word om na die kind te kyk. Om julle tyd self in te deel bestaan nie meer nie, aangesien rekening gehou moet word met die “kleinding”.

Die vader is nou dikwels in die tyd van sy lewe dat daar by die werkplek groter verantwoordelikhede op hom geplaas word. Sy naam word nou ook al hoe meer by allerlei kommissies genoem. En daarmee saam word hy by al hoe meer dinge by die kerk ingeskakel.

Maar hy kan nie alles wil doen nie! Daar moet keuses gemaak word. Die “gewone” daaglikse werk neem alreeds soveel tyd in beslag. Wat kan

**Een van die hoof sake van ons geloof: Om nie 'n tree te beweeg behalwe as God se Woord ons die weg wys, nie.**

nou nog bygevoeg word? Word die vrou en kind (ers) nie te veel alleen gelaat nie? Watter posisie neem die opvoeding in op die vader se lys van daaglikse take?

En van die daaglikse lys van take gepraat: die vader sit tog nie net op Sondae saam met die gesin aan die tafel en eet nie? Die vader is tuis tog net so belangrik as by die werk (en in die kerk)? Nee, nie net so belangrik nie. Die vader is tuis belangriker! Daar lê sy eerste verantwoordelikheid! Hy moet daar die kinders se vrae beantwoord. Gewone vrae oor alledaagse dinge, maar ook vrae oor God en die geloof.

### Geloofsopvoeding

*“Pappa, waar woon God?” “Waar is die hemel?” “Hoe kom die Heilige Gees in my hart?”* Die kinders vra sulke dinge. Hulle verwag antwoorde op hulle vrae. Die vader moet, volgens die opdrag van God, besig wees met die deurgee van die groot daad van God. Psalm 78 sê mooi dinge daaroor: dit moet oorvertel word van vader tot kind. Wat aan ons vertel is, dit moet die volgende geslag óók weet. Die kinders moet dit hoor: “God het groot dinge gedoen”.

Die vader moet dit nie alleen in woorde duidelik maak hoe God is nie, maar hy moet dit ook sigbaar en voelbaar maak en dit in alles aandui, soos in sy verhouding met sy vrou, die moeder van sy kinders, en in die belangstelling wat hy toon in sy kinders en in ander mense in die omgewing en in die kerk, en in die insette wat hy by sy werk lewer.

Die vader moet liefdevolle leiding gee. Hy moet dit duidelik sigbaar maak hoe dit hoort. Hy moet sy kinders leer om hulle lewe aan God te gee. Dit vra nogal heelwat. Hoe leef die vader met God? Watter vaderbeeld kry die kind daardeur? Die vader se voorbeeld is baie belangrik vir die

kinders. Wat ’n verantwoordelikheid!

### Betrokke wees by die opvoeding

’n Dom vraag: Ken ’n vader sy kinders? Ja natuurlik ken hy hulle by naam. Maar weet hy wat in hulle omgaan? Of is dit alleen die moeder wat egte gesprekke met die kinders het, omdat sy altyd tuis is as hulle van die skool af kom en as hulle bed toe gaan?

**As die vader in sy gebed sy kinders aan die Here wil opdra, sal hy hulle tog eers deur en deur wil en moet ken?**

Betrokkenheid is wat dit betref nogal ’n mooi woord. Ons gebruik die woord so maklik, maar om betrokke te wees vra nogal baie. As die vader waarlik betrokke wil wees (en dit sal moet gebeur), dan vereis dit tyd en energie. Tyd wat gewy word aan gesprekke met die kinders, besoeke aan die skool, wegbring na sportgeleenthede, om deel te neem aan die reëling van verjaardagvieringe, en nog baie meer. Energie word benodig om saam met een van die kinders ’n museum te besoek en om die kinders te help met hulle huiswerk en met die herstel van die fietse se bande, die aankoop van nuwe hengeltoerusting, en ’n gesprek met die onderwysers by die skool oor voortgesette onderrig. Só bestee die vader aandag aan sy kinders op ’n positiewe manier.

Maar die vader het ook sý werk. Sommige kinders het geen idee wat die vader se werk behels nie. Miskien het hulle heel verkeerde idees daaroor. Hulle het dalk nog nooit die kantoor gesien waar die vader daagliks sy werk doen nie. Laat die kinders ook maar betrokke wees by die werk van die vader. As die seun of

**Ongelowiges maak goud hulle god; gelowiges maak God hulle goud.**

- M Henry

dogter maar slegs een middag die werkplek van die vader sien, dan weet hy of sy ook waaroor pappa praat as hy oor sy werk praat.

Só leer die vader sy kinders beter ken, en leer die kinders hulle vader beter ken. Die tyd wat die vader se betrokkenheid by die kinders verg, is nie verlore tyd nie. Kinders wil hulle veilig voel by hulle ouers, in die gesin. Dit gaan beter as die betrokkenheid na albei kante groot is.

As die vader in sy gebed (saam met sy vrou) ook die kinders aan die Here wil opdra, sal hy hulle tog eers deur en deur wil en moet ken?

### Sonder 'n vader?

Dit het uit 'n ondersoek geblyk dat vaders wat betrokke is, belangrik is vir die welsyn en die selfstandigwording van hulle kinders. Nie alle

kinders het (lewende) vaders nie. Sommige kinders se vaders het miskien jonk reeds gesterf. Die verdriet oor 'n afgestorwe vader sal altyd daar wees, en dit is ook goed dat daar openlik gepraat word oor so 'n gestorwe vader.

Die vader kon sy gesin verlaat het, waarop 'n egskeiding gevolg het. Dít plaas 'n bykomende druk op die moeder, aangesien sy so baie dinge moet oorneem. Sy moet dit sorgvuldig bedink hoe sy oor hom praat. Hoe sien die kinders hul vader, wat hulle in die steek gelaat het? En op watter manier sien hulle God as Vader? Tref hulle dalk 'n vergelyking met hulle eie vader?

Hoe moeilik dit ook al mag gaan in hierdie lewe, God laat niemand in die steek nie. Gelukkig mag selfs 'n verlore seun terugkom.

Só 'n Vader het ons!

### Lees hier verder:

Hoe lyk die lewe [met God in die gesin](#)? Of miskien wil u verder lees oor [tienaers as God se gawe aan middeljarige ouers](#)?

Wanneer ons nie self oor die vermoë beskik om met die krag en die gesag van die Woord te spreek nie, loop ons, helaas, die gevaar om die waarheid van die te Woord te verduister en te benewel. Ons kan onnodige hindernisse en struikelblokke op die pad wat na die geloof lei, plaas.

Ons kan die ingang van die evangelie in die hart van die mens bemoeilik... Predikante kan vandag die hoor van die Woord op vele manier belemmer: deur die evangelie tot moralisme te degradeer, deur eiewaan, deur luiheid met preekvoorbereiding, deur die kansel as persoonlike verhoog te gebruik, deur swak taalgebruik en swak voordrag, deur veronagsaming van logika. Sonder die vermoë om die gesag van die Woord te laat spreek, maak ons dit vir ander moeilik om die Woord te hoor.

James Daane, Preaching with confidence, 1980

**Praat met elkeen wat God u laat ontmoet. Praat geduldig, indringend, en spreek veral die evangelie – die waarheid.**

- K Schilder

# DIE HERE REAGEER OP DIE GEWELD TEEN SY KINDERS

E Viljoen

*Eksodus 2 : 11 – 2 : 25*

Eksodus 2 loop oor van geweld. Geweld wat groot gevolge gehad het vir die kinders van die Here. Hulle was self ook nie immuun teen die gebruik van geweld nie. Op 'n heel eerlike manier laat Eksodus ons sien hoe geweld ook vir kinders van die Here lyk na 'n oplossing vir probleme. Die belangrike vir ons is egter nie hoe die Israeliete gereageer het op die geweld nie, maar *die Here se reaksie op die geweld* wat sy kinders aangedoen word, wat vir ons 'n pragtige en vertroostende evangelie is.

Dit begin alles by Moses se reaksie teen die geweld wat sy volksgenote aangedoen word. Moses, wat in die paleis van die Egiptiese koning groot geword het, het die geweld wat die Here se kinders aangedoen is, op hom laat inwerk. Hy het "gesien" wat sy broers aangedoen is in hulle slawerny. Hierdie "sien" van Moses, is nie 'n afstandelike waarneming nie. Dit is die "sien" van 'n ouer wat reageer op 'n kind se vraag: "Sien, pappa / mamma hoe seer ek kry?". Wanneer die ouer sê: "Ek sien, my kind", dan is dit die reaksie van iemand wie se hart geraak en geroer word tot medelye met die kind.

Moses "sien" hoe 'n Egiptiese man 'n Hebreuse

man, een van Moses se broers, slaan. Hierdie onreg maak iets in Moses wakker. Die onreg kan hy nie verdra nie. En dan moet ons nie dink dat Moses hom sommer in blinde woede tot geweld wend nie. Moses kyk oral om hom rond, *maar sien niemand wat kan help nie*. Niemand keer die onreg en geweld wat teen sy broer gepleeg word nie! Dit kan nie so wees dat onreg seëvier nie! Die Egiptenaar word nie aangedui as iemand met amptelike regte nie; hier is sommer willekeurige geweld teen 'n Hebreër. Dit bring Moses in beweging tot verdediging van sy broer. Die onreg word teëgestaan. Geen wonder dat later in die gee van die tien woorde van die Here op die kliptafels, daar so uitdruklik in die sesde woord gesê word: "Jy mag nie **doodslaan** nie".



Die Here wou die lewe van sy kinders in beskerming neem. Moses doen hier niks minder nie. Hy beskerm die lewe van 'n kind van die Here. Moses staan op vir die reg van die onderdrukte – dit vra moed. En dit tot sy eie nadeel. As iemand wat opgegroeï het in die paleis van die Egiptiese koning, sal sy eie lewe in gevaar wees as hy bekend raak as verdediger van 'n kind uit die Hebreërs. So gou hy kan,

**Agter die oordeelsprofesië van die profete, lê nie God se wil tot vernietiging nie, maar God se wil tot vernuwing.**

- HGL Peels

begrawe hy die Egiptenaar wat hy doodgeslaan het. Maar Moses se eie doodmaak van die Egiptenaar, bring nie die verlossing vir die Hebreërs nie.

Intussen het die invloed van die geweld in Egipte, die Hebreërs nie onaangeraak gelaat nie. Die volgende dag sien Moses twee Hebreëuse manne met mekaar veg. Geweld het kennelik die manier van oplossing vir probleme vir mense uit die volk Israel geword. Moses kom nog 'n keer op vir die reg. Hy vra vir die een wat ongelyk gehad het: "Waarom slaan jy jou naaste?". Vir Moses is dit ondenkbaar dat twee lede van die kinders van die Here geweld en onreg teen mekaar pleeg.

**Op veelkleurige manier word duidelik gemaak dat die gebede wat gebore is uit 'n situasie van geweld en onreg teen hulle, die Here nie onaangeraak gelaat het nie.**

Moses, met al sy bewoënhed oor die lot van sy volksgenote wat ly onder die onregverdige geweld (of van die Egiptenaars, of van eie volksgenote), word nie as verlosser ontvang nie. Die Hebreër wat die onreg gepleeg het verwoord die afwysing van Moses as verlosser uit hul nood: "Wie het jou as owerste en regter oor ons aangestel?". Selfs Moses se solidariteit met hulle wat ly onder geweld en onreg, veroorsaak nie dat hy as iemand oor hulle aangestel, ontvang word nie. Daar is by die volk nog geen verwagting dat die Here hulle deur Moses dalk sou wou red nie. Om die waarheid te sê, Moses word selfs afgepers oor die Egiptenaar wat hy doodgeslaan het ter beskerming van een van sy broers. Dit lei regstreeks daartoe dat hy moet vlug vir sy lewe. Dit word klaar duidelik dat

Moses 'n regstreekse aanstelling van die Here moet kry, voordat hy as verlosser vir die volk sou kon optree.

En tog word sy optrede vir die instandhouding vir die reg, *wel onder die heidene erken*. Wanneer hy vlug en onder die Midianiete kom, tree Moses weer op vir die reg van die magteloses wat ly onder geweld. Hierdie keer is dit sewe dogters van 'n sekere Réhuel wat ly onder die veewagters wat hulle met geweld verdryf van die put waar hulle self en hulle vee wou drink. Moses help hierdie vroue. En hulle vertel en getuig van sy goedheid vir hulle. Moses kry erkenning onder die heidene – hulle besing sy deugde! - wat hy nie onder die volk van die Here gekry het nie! Hy word met groot entoesiasme genooi vir ete en kry op die koop toe selfs nog 'n dogter as geskenk om sy vrou te wees. En tog is dit nie die eindpunt wat die Here met hom wil hê nie. Die seun wat hy by Sippora kry, word Gersom genoem: Ek is 'n vreemdeling in 'n vreemde land. Moses bly vreemdeling in 'n vreemde land. Die belofte van 'n eie land vir sy kinders, het die Here nog nie vervul nie. Die naam van Moses se seun hou groot belofte in vir 'n beloofde land.

### **Gebed in geweld**

Die optrede van Moses is nie genoeg om die volk te red nie. Die nuwe geslag kinders in Egipte se toekoms word op net een manier verseker. Nie deur hulle ouers nie. Hulle is magteloos. Ook nie deur mense wat 'n gevoel het vir wat reg is en selfs aksies onderneem, soos Moses nie. Die draaipunt in hierdie verhaal kom wanneer die kinders van Israel begin sug, roep en huil in hul gebede. Hulle geroep het opgeklim tot God. Hy het hulle gebede gehoor.

Op veelkleurige manier word duidelik gemaak dat die gebede wat gebore is uit 'n situasie van

**Egte gehoorsaamheid aan die HERE is ondenkbaar sonder die lewende band van geloof aan Hom.**

- P Niemeijer

geweld en onreg teen hulle, die Here nie onaangeraak gelaat het nie. Veel meer as Moses word nou geraak deur die geweld teen die Here se kinders. Die Here God self kom staan skielik in die middelpunt van die verhaal. Hulle geroep om hulp het God geraak:

- God het hulle gekerm **gehoor** – dit beteken nie dat die Here voorheen doof was en nou eers hul gekerm gehoor het nie. Dit wil sê dat die Here deur hul geroep nou in beweging gebring word. Hy *reageer nou* op hul geroep.
- God het *gedink* aan sy verbond – dit gaan hier ook oor veel meer asof die Here se geheue skielik 'n helder oomblik gehad het. “Dink aan sy verbond” beteken dat die Here doelbewus sy beloftes aandag gee. Hy bring Homself onder die besef van die verpligting waaronder Hy Homself gestel het teenoor Abraham, Isak en Jakob. Dit gaan hier oor 'n goddelike

“verantwoordelikeheidsbesef”. Wanneer die Here “dink aan” beteken dit vir die Here dat dit vir Homself tyd geword het om doelgerig iets daaraan te doen.

- God het die kinders van Israel *aangesien* – dit beteken nie dat 'n blinde vlek in die sig van die Here skielik helder geword het nie. Wel dat Hy sy aandag doelbewus aan hulle gee in goedheid, simpatie en liefde.
- ...en God het hulle *geken* – meer kan dit nie! Ken is hier die bekende woord wat gebruik word vir “gemeenskap hê met”. Die Here kom deel hier doelbewus in die lewenservarings van sy kinders. Hy deel in hulle ervarings van onreg en maak dit sy eie. Hy kom deel in hul lyding en geweld teen hulle. Só is ons Here. Nie as 'n magtelose nie, maar as Een wat self die geweld oorwin.

### Lees verder:

Hoe moet ons kyk na [geweld in die Bybel](#)? Die skrywer kyk na drie belangrike aspekte van die geweld soos ons dit veral in die Ou Testament vind. Lees ook oor die Here wat ons gebede verhoor wanneer ons [voortdurend tot Hom roep](#).

Ons moet liefds die aantal teologiese boeke minder maak en die bestes uitkies. Om baie boeke te lees maak nie geleerd nie, maar om goeie boeke te lees en om dikwels te lees, hoe min ook al, maak geleerd in die Skrif, en bowendien ook vroom.

Maarten Luther

**Ons vra die Here te vinnig vir vergifnis, en te min vir berou oor ons sonde.**

# DIE KRAGTE VAN JESUS

OW Bouwsma

*“Toe het Jesus die stede waarin die meeste van sy kragtige dade plaasgevind het, begin verwyrt omdat hulle hul nie bekeer het nie.”*

*(Matteus 11:20).*

Natuurlik staan ons nog steeds verbaas oor die wonders wat Jesus gedoen het. Maar, in alle eerlikheid, as jy al hierdie wonderwerke al so dikwels oor en oor gehoor en gelees het soos ons, hoe dat Hy mense gesond gemaak het, duiwels uitgedryf het, ens., word dit dan nie ook maar gewoon alledaags nie?

Jesus het dit alles gedoen. Maar, was en is dit wel so gewoon? Ons lees in die evangelies van Sy kragte. Matteus skryf by voorbeeld in hoofstuk 11 vers 20 ev. oor die meeste ‘kragte’ wat deur Jesus verrig is.

“Kragte” kan natuurlik ook weergegee word met “wonders”. Maar sou die woord ‘krag’ maar net per toeval daar staan? Daar moes iets heel besonders van Jesus af uitgegaan het. Krag, soos in die geskiedenis van die vrou, toe Jesus op pad was na die huis van Jairus. Jesus het ‘kragte’ verrig. Dit wil sê dat wat Hy gedoen het ’n openbaring was van die koninkryk van God. Goddelike kragte is ontketen. Jesus dien Hom aan as die sterke, wat die satan bind, wat verlos, bevry en genees.

Jesus laat ons sien dat, toe Hy op aarde was, daar ware goddelike kragte uit die hemel ontketen is. Dinge word omgekeer. Daar word inbreuk gemaak en bresse geslaan in die verloop van die sondige gang van dinge. Oral waar Jesus gaan, is die kragveld van die hemelse, die

goddelike, van die koninkryk van God. Dit is goed om dit alles deeglik op jou te laat inwerk: watter ongelooflike kragte het daar losgekrom deur Christus!

Wat was die doel van dit alles, daardie ontketening van al die goddelike krag? Jesus het daarmee ten doel dat mense Hom sal vertrou en in Hom sal glo, aangesien sy krag daarop gerig was om van dooie mense lewende mense te maak. En dit is nie maar net somer ’n grootse inspanning nie, maar ’n Goddelike inspannende werk, tot vandag toe. ’n Inspanning soos dié van God by die skepping, en soos van die opstanding uit die dood.

**... ons geloof die duidelikste bewys daarvan is, dat daar nog steeds gepraat kan en moet word van die kragte van die koninkryk van die hemel**

Ons kan miskien heimwee hê na daardie tyd toe Jesus op aarde was. Stel jou voor dat jy dit alles self meegemaak het? Ons dink altyd dat ons dan verseker ’n groot en sterk geloof sou gehad het...

Ons moet tog asseblief nie vergeet nie, dat ons geloof die duidelikste bewys daarvan is, dat daar nog steeds gepraat kan en moet word van die kragte van die koninkryk van die hemel. As jy werklik en van harte glo dat Jesus die Christus is, dan het dit in jou lewe gebeur en gebeur dit nog elke dag: jy staan in die kragveld van die Here self.

**Dankbaarheid is ’n blom wat slegs groei in die tuin van genade.**

- JP Versteeg



Is dit nie ongelooflik nie!? En tog is dit so! Ook in jou lewe is dinge totaal omgekeer, omdat jou geloof in Christus die duidelikste bewys daarvan is dat God die lewe vir jou gee. Dat Hy met jou

van die dood na die lewe gaan. En dat dit sigbaar is, aangesien jy in Sy krag deel.

Lewe dan so, dat Sy krag in jou lewe gesien en gehoor word!

## ‘n KRAG VAN GOD

OW Bouwsma



*‘Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is ‘n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek.’*

(Romeine 1:16)

Iemand het ‘n mooi wysie geskryf waarop ‘n mens die woorde van Romeine 1:16 kan sing. Daar is natuurlik niks daarmee verkeerd om dit te sing nie, maar dit kan soms wel effens te triomfantelik klink. Is dit werklik so dat ons ons nie in die daaglikse lewe vir die evangelie skaam nie?

Waarom sou ons ons skaam vir die evangelie? Omdat dit ‘n teken van swakheid is? Omdat daar geloof gevra word? Omdat ons dit miskien self nie meer glo nie of omdat dit vir ons op die een of ander duistere manier ‘n verleentheid is om Christene te wees?

Dit is werklik ‘n pragtige uitspraak wat Paulus daar in Romeine neergeskryf het. En vir hom is dit beslis nie ‘n teken van swakheid nie. Inteendeel: daardie evangelie is ‘n krag van God tot redding!

Tot vandag toe tree daardie evangelie op as ‘n krag van God tot redding vir elkeen wat glo. En dan behels daardie woord ‘evangelie’ alles wat in Christus gebeur het. Die heilsverhaal, sou ‘n mens kon sê. Is daardie evangelie werklik ‘n krag van God? Beslis, want die verkondiging daarvan neem mense van die onheil weg. Paulus skryf in die begin van sy brief aan die Tessalonisense iets soortgelyks: ‘ons evangelie het tot julle gekom in krag...’. Dit was regtig nie omdat hy so ‘n fantastiese spreker was nie. Dit was vanweë die aard van die evangelie self. Vanweë die feit dat die Gees van God daarvan gebruik maak. En daarom is dit ‘n krag van God tot redding vir elkeen wat glo. Om geen ander rede nie.

Is jy daarvan bewus dat jy, elke keer wanneer jy jou Bybel bewustelik oopmaak, jouself binne die kragveld van daardie Woord van God stel? Besef jy dat wanneer die woord van God verkondig word, God se Gees sy krag op jou loslaat en werk tot bekering en verootmoediging? Dit is wonderlik. So gewoon, so alledaags byna. En

**Christelike toleransie gee altyd pyn. As ons geen pyn voel nie, is dit nie toleransie nie, maar blote onverskilligheid.**

tog so onvoorstelbaar magtig. Dit is onweersaanbaar vir elkeen wat glo.

**So gewoon, so alledaags byna. En tog so onvoorstelbaar magtig.**

En daarom is die evangelie niks om jou voor te skaam nie. Dit is miskien so dat die een geneig is om meer waarde te heg aan besondere ervarings en die ander weer meer waarde te heg aan eie inspanning. En dit is heeltemal waar dat die evangelie in ons samelewing al hoe meer uit die samelewing uitgeskuif word. In Paulus se dae was dit die pre-Christelike tydperk. Vandag

praat ons oor post-Christelikheid. En al is dit alles waar en al verskil die omstandighede ook hoe baie van mekaar, die evangelie het absoluut niks van sy krag ingeboet nie. Want dit is nog steeds dieselfde krag van God tot redding.

En so het dit, op watter manier ook al, ook tot by jou gekom. God se krag wil deur die evangelie van jou besit neem. Die voorwaarde is eenvoudig: dat jy dit glo en jouself aan die Here oorgee. Langs hierdie weg word God se belofte jou eie. Die belofte van die onvoorstelbare groot wonder van die vernuwing van jou lewe.

Want dit gaan oor 'n krag wat redding bring! 'n Krag van God.

## KRAG EN SWAKHEID

*OW Bouwsma*

“Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk”

(2 Korinthiërs 12:10).

Die woorde *‘want as ek swak is, is ek sterk’* is van die meer bekende woorde in die Bybel (2 Korinthiërs 12:10). So ook vers 9 : *‘My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is’*.

Dit is mooi, maar tog ook harde woorde uit die Bybel. 'n Teks wat swaar en tog ook so vol liefde na 'n mens toekom.

Soos u reeds weet, word Paulus hier voortdurend deur iets geteister. Sommiges dink aan die moontlikheid van 'n siekte of iets dergelyks. Daar sou ook met reg gedink kon word aan dié dinge wat hom alles al oorgekom het, waarvan hy in hoofstuk 11 skryf.

Ons wil egter nie nou fokus op die oorsaak nie. Dit gaan vir ons daarvoor dat hy hom onder al hierdie dinge so magteloos voel. En ons almal verstaan hoe 'n mens moet voel as jy in Paulus se skoene gestaan het. Baie van ons ken daardie gevoel van magteloosheid maar te goed. Daar is soveel dinge in ons lewe wat vir ons onverklaarbaar is, en waarop ons geen greep kan kry nie. Is dit nie in feite mens-onterend om as swakkeling gesien te word nie? Hieroor het Paulus baie gebid. Maar God se antwoord was telkens *genade*. Dié genade moet egter nie maar net gesien word as iets waarmee ons, teen wil en dank, tevrede moet wees nie. God se genade *is* wel genoeg, aangesien daar in God se genade aan 'n brose mens, gelykertyd soveel van God se krag geopenbaar word - die krag van die geloof in Jesus Christus.

**God sorg so goed vir elkeen van ons, dit is asof Hy vir my alleen sorg.**

**- Augustinus**

Dikwels dink ons nie aan 'genade' in terme van ons eie swakheid en van God se krag nie, soos wat dit behoort te wees. Ons beperk die betekenis van 'genade' dikwels tot geregtigheid en vryspraak, waarmee God se genade natuurlik ook alles te make het.

**...aangesien daar in God se genade aan 'n brose mens, gelykertyd soveel van God se krag geopenbaar word.**

Maar hier gaan dit oor iets anders as vryspraak. Voorop staan hier ons eie swakheid. En oor hierdie menslike onmag om dinge werklik te kan begryp, kom die krag van Christus. Kom Christus self wat die krag van God is (1 Korinthiërs 1:24). In dié krag mag ons deel. Dit is immers die wonderlike van die geloof, dat Hy ons nie maar net 'iets' van Homself gee nie, maar dat Hy in alles heeltemal aan ons gegee is

(1 Korinthiërs.1:30). Wanneer ons swak is, en dit soms teensinnig moet bely, dan is Hy daar op ons gebed. 'n Mooi teksgedeelte in hierdie verband is Hebreërs 4:15,16. Hy het alle magte van duisternis en dood oorwin. Daarin sien ons die deurbraak van God se krag, oor ons eie kwaad en swakheid heen. God se krag dien as't ware as ons wegbereider.

Dit bely ons ook in die gebed wat Jesus ons geleer het : "*Want aan U behoort die krag*". En dan vermag jy alle dinge, in en deur Hom wat die krag gee. Dan vermag ons om werklik onder alle omstandighede van God se genade te leef, in God se werklikheid van 'genoeg' (Filippense.4:11ev.).

Het jy die geloof om dit so te kan bely? Om God se weg met jou te aanvaar? Om te erken dat jy in alle omstandighede 'genoeg' het? Dan het daar oor jou lewe 'n besondere krag gekom.

En as dit nog nie so is nie? Bid maar daarvoor. Jy sal dit verseker van God ontvang!

### Lees verder:

Die [Heilige Gees is die krag van God](#) wat aan ons gegee is. Lees hier verder oor Sy krag in ons lewe. Ons lees ook in Hebreërs 11:37 oor [mense wat in twee gesaag is](#) en wat aan die geloof vasgehou het deur die krag van God.

Die gelowige plaas die leer van die Drie-eenheid in die middelpunt van die ganse natuur en die mensdom. Die verstand van die Christen is nie tevrede voordat elke vorm van bestaan met die Drie-enige God in verband gebring is en die belydenis van die Drie-eenheid in ons gedagtes en lewe voorop staan nie.

Herman Bavinck

**Laat ons nie sukses as die norm gaan hanteer nie, maar die weg van gehoorsaamheid bewandel.**

- P Jongeling

# ONS HOUDING BY GESAMENTLIKE BYBELSTUDIE

*P Niemeijer*



Daar is al baie geskrywe oor gebed en ons omgang met die Woord van God. 'n Belangrike tema ook vir ons gesamentlike Bybelstudies. Van die apostel Paulus leer ons dat hy 'n werksame, asook biddende lewe geleidelik het. Hoeveel van sy briewe begin hy nie met 'n getuigenis dat hy die Here te 'alle tye dank' en bid, ook vir sy lesers. Laat ek drie elemente uit die gebede uitlig, wat belangrik is vir gesamentlike Bybelstudie: **geloof, liefde en kennis.**

## **Geloof**

Eerstens dank die apostel, in sy briewe, vir *die geloof* van sy lesers. Hulle het met blydschap die evangelie aangeneem. Die Heilige Gees het hulle daarin laat verstaan dat in die evangelie nie gaan oor net nog 'n wêreldbeskouing nie, maar oor die Woord van die Lewende God, die Vader van ons Here Jesus Christus. Dit is vir Paulus, as dienaar van Jesus Christus, die belangrikste

en word met dankbaarheid eerste genoem. Die gemeentes aan wie hy skryf het verstaan dat die evangelie nie gaan oor 'n aansprekende idee of teorie nie, maar dat die Here self tot hul gekom het. Hulle het nie in die eerste plek 'n boek begin waardeur nie, maar hulle het begin glo in 'n Heer. Geloof is immers nie om 'n boek as waarheid te aanvaar nie, maar dit is om die Here te vertrou op Sy Woord. Geloof is om onvoorwaardelik voor Hom te buig en sonder voorbehoud sy boodskap van vergifnis en vernuwing te aanvaar.

Tydens ons gesamentlike Bybelstudie- byeenkomste gaan dit oor *Bybel*-studie, maar ons werk daar is veroordeel wanneer ons ons maar net 'besig hou met 'n boek'. Al word daar baie intensief bespreek en is ons ernstig besig en word daar baie waar dinge gesê, as ons nie in die Skrif na die stem van die Here luister nie, is dit alles tevergeefs.

Dit is tog juis die werk van die Heilige Gees! Hy plaas ons voor die lewende God, sodat ons Hom kan leer ken. Hy bewerk groei in ons liefde vir die Here. Sy beloftes word 'n stralende werklikheid vir ons. Ons leer sien dat God se gebod geen grense ken nie. Die Heilige Gees keer dat ons tevrede is met 'n 'kern' van die Bybelse boodskap of met net die 'minimale waarsonder jy nie kan leef nie'. Hy maak juis dat ons ons eie gedagtes al hoe meer gevange neem in gehoorsaamheid aan Christus. In situasies waarvoor daar geen spesifieke gebod in die Skrif staan nie, soek ons steeds na die wil van God. Is

**'n Skaarste aan mannekrag in 'n kerk wat Pinksterfees vier, is 'n innerlike teenstrydigheid**

- C Trimp

ons bereid om dit so te doen? Is ons só met die Skrif besig: As die eie Woord van ons goeie God? Bid ons genoeg vir besprekings op hierdie vlak? Is ons werklik dankbaar en dank ons die Here, wanneer ons wel so 'n geloofshoudings by mekaar ontdek?

### Liefde

Die tweede element wat ons kan uitlig in die gebede van Paulus se briewe is *die liefde*, wat die lesers teenoor mekaar en alle gelowiges het. As Christen lewe ons vanuit die liefde wat God in Christus aan ons bewys het. Deur gewortel en gegrondves in sy liefde te wees, kan ons ons broers en susters liefhê. Sóós Christus en omdat Christus ons vergewe, so vergewe ons mekaar en is ons vriendelik en barmhartig teenoor mekaar.

Laat dit die doel van ons Bybelstudie-byeenkomste: dat ons daaglik in ware geloof en in gemeenskap met Christus mag toeneem.

Die liefde tot mekaar moet deurwerk in die gesamentlike Bybelstudie. Hoe gaan dit in hierdie opsigte met ons besprekings? Deur Christus is ons met mekaar verbind in een liggaam. Kan 'n mens dit waarneem? Hoe sien ons mekaar? Dra ons die 'regte bril' of het ons 'n balk of 'n splinter in ons oog? Is ons werklik bereid om na mekaar te luister en neem ons mekaar se vrae ernstig op? Het ons alreeds ons oordeel gefel en mense, waarmee ons tog nie saamstem nie, klaar afgeskryf? Watter motiewe dryf ons?

Ek kan dit nie nalaat om die apostel Paulus self aan die woord te stel nie. Die vrug van die Gees

is liefde, blydschap, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, trou, sagmoedigheid en selfbeheersing. En Jakobus, wat blykbaar te doen gehad het met gemeentede wat mekaar afgekraak het, skryf ook: Die wysheid wat van Bo kom is allereers sonder bybedoelings en verder is dit vredeliewend, inskiklik, bedagsaam, vol medelye en goeie vrugte, onpartydig en opreg. Woorde wat deur ons geproe moet kan word.

Ons kla soms nogal oor die kwynende deelname aan die Bybelstudie-byeenkomste. Ons dink aan allerhande maniere om hierdie verskynsel te probeer verander. Maar word die weersin teen of die aantrekkingskrag van die Bybelstudie-byeenkomste nie hoofsaaklik bepaal deur die *manier* waarop ons met mekaar omgaan nie? Dink ons ook dááran in ons gebede *týdens* die vergaderings en bid ons ook *voor* die Bybelstudiewerk? Kan ons ook dáárvor *dank*?

### Kennis

Ons moet bewus aandag gee aan die telkens terugkerende tema in Paulus se gebed dat sy lesers *in die kennis van die Here* en Sy wil mag toeneem. Daar is mense vir wie die *atmosfeer* tydens die Bybelstudies die belangrikste is. Vir hulle is die doel bereik as ons op Bybelstudies oop is vir mekaar se opvattinge en as daar ruimte gelaat word vir totaal uiteenlopende en 'van die spoor af' gevoelens.

Ek het eenkeer as 'n beswaar teen 'n Bybelstudie-byeenkoms gehoor: "Hulle is altyd so daarop uit om mekaar te oortuig en om tot 'n afgeronde Bybelse standpunt te kom. Ek ervaar dit as 'n ketting waaraan ek ongemaklik voel."

Dit is goed om op hierdie punt ook na die apostel te luister. By hom is die liefde nooit vryblywend

Verwondering is die basis van erediens.

- A de Snoo

nie. Dit is ook nooit op homself gerig nie, maar op die Here. Paulus bid vir liefde wat heelyd oorvloediger word in begrip en fyngemoetheid, om te kan onderskei wat reg en goed is. Sy lesers moet nie net letterknegte wees wat hulle net hou aan dit wat in soveel woorde in die Skrif staan nie. Hulle moet kinders wees wat vanuit die Skrif 'n sesde sintuig ontwikkel waarmee hulle in alle situasies God se wil leer onderskei. Die apostel hou daarom nie op om te bid en te vra dat sy lesers met die regte kennis van God se wil vervul mag word, nie. In alle wysheid en geestelike insig om in die Here se weë met waardigheid te wandel, Hom in alles te behaag, in goeie werk vrug te dra en om in die regte kennis van God te groei. Dit is sy gebed dat sy

lesers éénsgesind sal wees en eendragtig uit één mond die God en Vader van ons Here Jesus Christus mag verheerlik.

Christelike liefde is nooit vryblywende liefde nie. Ons toon ons liefde in die Bybelstudiebyeenkomste deur mekaar te help om steeds skerper te luister na die Here en Sy wil. Juis hiermee herken ons dat ons God se kinders liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooe hou.

Laat dit die doel van ons Bybelstudiebyeenkomste en die inhoud van ons gebede wees: dat ons daaglik in ware geloof en in gemeenskap met Christus mag toeneem. Staan die Bybelstudie-tafel nie in die verlengde van die nagmaalstafel nie?

### Lees verder:

Die Here het Sy Woord vir ons gegee om saam met mekaar hierdie rykdom te ondersoek en te deel. Lees hier nog 'n artikel oor [gesamentlike Bybelstudie](#). En onder hierdie afdeling kan u verder lees oor nog 'n aspek van gesamentlike Bybelstudie, naamlik [Huisgodsdiens](#).

**As die tyd, geld en moeite wat aangewend word om evangelisasie in lou-warm kerke te stimuleer, gebruik sou word om die kerke self tot bekering, belydenis, suiwering en kragdadigheid op te roep, sou evangelisasie vanself volg. Die evangelieskrywers van die Nuwe Testament het hulle nie daarop toegespits om Christene te oortuig om evangelisasie te doen nie, maar om gesonde Christene te kweek deur geestelike voedsel, geestelike rus en geestelike oefening.**

Vance Havner

**'n Erediens wat nie die verlede gedenk nie, is werd om self vergeet te word.**

- A Carter